# *Psalm 50* **Jahwe se majesteit**

[1] 'n Psalm van Asaf. Die God van die gode, Jahwe, spreek en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe. [2] Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans. [3] Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig.

[4] Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel: [5] Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit! [6] En - die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel! *Sela*.
**[7] Hoor, my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God!**

# *Psalm 50* **Jahwe se behoefte**

[8] Oor jou **offers** bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is
altyddeur voor My. [9] Ek hoef uit jou huis geen stier te neem
of bokke uit jou krale nie; [10] want al die wilde diere van die
bos is myne, die vee op berge by duisende. [11] Ek ken al die
voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My. [12]
As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is
myne en sy volheid. [13] Sou Ek vleis van stiere eet of bloed
van bokke drink?

[14] **Offer dank** aan God, en **betaal jou geloftes** aan die
Allerhoogste; [15] en **roep My aan** in die dag van
benoudheid: **Ek sal jou uithelp**, en **jy moet My eer**.

# *Psalm 50* **Aan die goddelose**

[16] Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond - [17] terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp? [18] As jy 'n dief sien, dan geval dit jou by hom, en jou deel is met die egbrekers. [19] Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. [20] Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. [21] Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy!

Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. [22] Verstaan dit tog, o Godvergeters, **sodat Ek nie verskeur sonder dat iemand red nie**.

# *Psalm 50* **Opsomming**

[23] **Die een wat dank offer, eer My**;

en

**die een wat op sy weg ag gee,**
**hom sal Ek die heil van God laat geniet**.